

10 Februarie

Skrifgedeelte: Kolossense 2

Fokusgedeelte: Kolossense 2:6-7

Christus is jou Here – lewe in verbondenheid met Hom

Die allerbelangrikste verhouding waarin 'n mens jou ooit kan bevind, is jou verhouding met jou Here. Die wonderlike van hierdie verhouding is dat die Here *eerste* met jou 'n verhouding aangeknoop het. Hy het jou in jou ma se skoot gevorm. Met jou doop het Hy vir jou gesê: Jy is Myne! My genade is ook vir jou! Deur jou doop is jy intiem aan die Here Jesus verbind (vgl Rom 6:4-5).

Toe jy belydenis van jou geloof afgelê het, het jy bely dat Jesus Christus jou Here is en dat jy aan Hom verbind is. So word dit ook in vers 6 verwoord: "... julle het Christus Jesus as Here aangeneem." Dit beteken: Jy aanvaar Hom as jou Eienaar.

In vers 7 word die band tussen jou en die Here Jesus met twee beelde beskryf: "... in Hom gewortel en op hom gebou ..." (beklemtoning deur outeur). Die beeld van boomwortels en die fondament van 'n gebou dui daarop dat jy intiem aan Hom verbind is.

Jou verbondenheid aan Hom is nie net 'n teoretiese saak nie. Dit is 'n *lewenswyse*. Dit moet 'n uitwerking op jou lewe en optrede hê. Jy moet in verbondenheid met Hom lewe. Prakties beteken dit jy moet so leef en optree asof jy altyd in sy teenwoordigheid is.

Dink 'n bietjie hoe anders sal jou lewe wees en hoe anders sal jy teenoor mense rondom jou optree as jy dit konsekwent in jou lewe toepas ...

Sing: Psalm 73:5 (2001-omdigting) Ds C Krüger (Nelspruit)